# Kersfees: Drie getuienisse bevestig Jesus se geboorte-aankondiging.

**15 Desember 2022**

**Lees: Luk 1:39-45 (41) "**Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg/opgespring, en sy is met die Heilige Gees vervul."

**Met die Christus-fees** wat ons nou vier, om die geboorte van Jesus te herdenk, is daar altyd by ons vreugde en danbaarheid. Blydskap omdat ons Verlosser gebore is. Ons lees hier van Elisabet, Maria se tannie se vreugde, die ongebore Johannes die Doper se vreugde en dan Maria se vreugde.

**Elisabet se vreugde** toe haar jong niggie haar besoek. Elisabet was al op 'n ver gevorderde leeftyd toe Maria haar besoek het. Ook Elisabet se swangerskap was 'n wonderwerk van God, want sy was ook al oud gewees.

**Die Heilige Gees** het Elisabet op daardie stadium gevul en haar gelei om'n lofsang te sing oor Maria wat swanger was met Jesus Christus. Elisabet het met 'n Geesvervulde gemoed, met groot dankbaarheid getuig van Maria wat die moeder van die Here is: Maar let op dat Elisabet nie Maria bo die ander vroue verhef nie, maar dat sy sê: "Geseënd is jy onder die vroue."

**Elisabet het geen vooraf kennis gehad van Maria se swangerskap nie,** maar omdat sy met die Heilige Gees vervul is, het sy profeties opgetree en'n loflied gesing van blydskap oor Maria se besoek. Die ouer vrou profeteer dat Maria geseënd is onder vroue. Elisabet noem haar die moeder van my Here. Ja vir 'n tweede maal lees ons in vers 44 dat die kindje in Elisabet se moederskoot het van vreugde opgespring. Die dui daarop dat Johannes, hoewel nog nie gebore nie, self ook geweet het dat Maria vir Jesus verwag. Dit is alles die wonderbaarlike openbaring dat Jesus Christus werklik die Here is, die Messias ons Verlosser.

**Maria het sekerlik by Elisabet gaan kuier** om die versekering te verkry dat wat met haar gebeur van God af kom. **Drie duidelike getuies het na vore gekom.**

- **Die ongebore Johannes die Doper** het in Elisabet opgespring van vreugde, want sekerlik het die onverstaanbare wonderwerk gebeur dat die ongebore Johannes reeds ook die Heilige Gees ontvang het.
- **Elisabet** sing 'n loflied uit dankbaarheid vir Maria.
- **Die Heilige Gees** getuig deur Elisabet van Jesus se geboorte.

**Hierdie drie sterk getuienisse** was vir Maria 'n baie sterk bevestiging dat wat die engel Gabriël aan haar gesê het, die waarheid is en in vervulling sal gaan.

**Elkeen wat werdergebore is** en die Heilige Gees wat in hom/haar woon, kan nie anders as om van vreugde te getuig en God se grootheid te openbaar nie.

Daarom is hierdie tyd van Christus se gebore opnuut vir ons' n herinnering om van die Drie-enige Verbondsgod te getuig en Hom te verkondig en sy grootheid en liefde te besing.
Juis in Maria se swangerskap het die vervulling van die profesië van 'n Messias waar geword.

- **Mag ons almal baie vreugde beleef in hierdie Christus-fees!**

**Kom ons bid saam**

***Ds Gerrit Kruger: Gereformeerde Kerk Centurion: Sel 082 964 5595:*** **gskruger1@gmail.com**